

8 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 1 (oav)

Fokusgedeelte: Levitikus 1:1-9

Die evangelie volgens Levitikus

Dis 'n wonderlike belewenis as jy die nuwe jaar met 'n blye boodskap kan begin: Jesus Christus het jou saak met God reggemaak en aan sy hand kan jy hierdie jaar met sy onbekende toekoms tegemoetstap.

Dit is immers die evangelie wat deur die hele Bybel, ook in Levitikus, ons wil begelei. Christus sê Self: "Julle ondersoek die Skrifte, en dis hulle wat van My getuig" (Joh 5:39).

Ook al die wette en bepalings van Levitikus wil ons by die Here Jesus bring. Die kerk bely dat "die waarheid en inhoud daarvan nogtans vir ons in Jesus Christus bly bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling" (NGB, art 25). Die Heidelbergse Kategismus sê dat die offers en ander seremonies van die wet prente is van dit wat Jesus Christus vir ons beteken (HK So. 6, vr 19).

In ons openingshoofstuk word die brandoffer bespreek. Dit was 'n vrywillige offer (vs 2). So het Christus Homself oorgegee as 'n offer aan God ... (Ef 5:2).

Dit vind welgevallen by die Here, want dis "'n lieflike geur van die Here" (vs 3, 4, 9, 13, 17). So het Jesus se offer ook 'n welgevallen by God gevind: dit was 'n "lieflike geur" vir God (Ef 5:2).

Hierdie brandoffer simboliseer die volkome oorgawe van die offeraar aan die Here. O, dis vir ons tog so moeilik om alles op die altaar te lê! Gelukkig het Christus vir ons die wet ook hierin vervul, daarin dat Hy "Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid ..." (Tit 2:14).

Watter vreugde is dit nie dat ons verby die skadubeelde van die Ou Testament mag terugkyk na die werklikheid van Hom wat vir ons intree by ons Vader!

Sing: Psalm 20:1-3

Ds LH Stavast (Emeritus)

